



eduresourceza.com



St Martin's School 12 November 2020

Naam: _____

Vak : AFRIKAANS VRAESTEL 1

Form : 4

Tyd : 2½ uur

Datum : 12 November 2020

Totale Punte : 100

Eksaminator : C Keyter

Moderator : A Odendaal

Instruksies:

- Lees die vrae deeglik deur voor jy dit beantwoord.
- Skryf duidelik en netjies.
- Beantwoord al die vrae op die vraestel.
- Die vraestel bestaan uit 15 bladsye en 8 vrae.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

Afd A: _____/30

Afd B: _____/10

Afd C: _____/30

Afd D: _____/30

Totaal: _____/100 _____%

AFDELING A

BEGRIPSLEES

VRAAG 1: Artikel

Lees die onderstaande artikel en deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.



‘Skull Breaker’ op TikTok: Ouers móét weet

 25 Februarie 2020

 Leonie Bezuidenhout

1. Die jongste sosialemedia-tendens wat ouers se nekhare laat rys, is die sogenaamde Skull Breaker-uitdaging, wat hoofsaaklik op TikTok, ‘n video-app, versprei word. Die uitdaging behels dat drie persone langs mekaar staan. Die middelste persoon spring dan in die lug op en die ander twee skop dan sy voete onder hom uit sodat sy kop teen die vloer kap.
2. Wêreldwyd is talle deelnemers aan dié uitdaging gehospitaliseer met ernstige kopbeserings en volgens berigte is hierdie uitdaging een van die gevaarlikste nog. Nog gevaarlike sosialemedia-uitdagings onder skoolkinders sluit in die Kylie Jenner Lip-uitdaging, Skin Eraser-uitdaging en Deoderant-uitdaging.
3. Die Kylie Jenner Lip-uitdaging behels dat tieners hulle lippe in ‘n shooter-glasie, klein glasfles of bottel sit en dan die lug uitsuig, wat ‘n vakuum vorm. Die doel is om voller lippe te verkry soos die realiteitsreeksster na wie die uitdaging vernoem is.
4. Die Skin Eraser-uitdaging is soortgelyk aan die Scar and Burn-uitdaging. Die Skin Eraser-uitdaging behels dat die vel van die voorarm met ‘n potlooduitveër

gevyrf word, wat wrywing veroorsaak en die vel brand. Die doel is om te kyk hoe lank die deelnemer die pyn kan verduur en dit te verfilm. Dit is ook soortgelyk aan die deodorant-uitdaging, waar 'n kannetjie spuitdeoderant so na as moontlik aan die vel gespuit word, wat dan tot tweede- en derdegraadse brandwonde lei.

5. 'n Onlangse peiling deur Maroela Media, waarin 1337 lesers deelgeneem het, het getoon dat 37% mense hulle kinders vertrou om self te weet waarna hulle op die internet mag kyk. Private speurder Mike Bolhuis maan egter ouers om uiters waaksaam te wees oor die gevaarlike praktyke wat op en van die skoolterrein af plaasvind.
6. "Dit is 'n onderwerp wat nie geïgnoreer moet word nie. Die persepsie dat dit nie met jou kind kan gebeur nie, is verkeerd. Dit kan. Dit is 'n gevaarlike speletjie wat deel is van 'n reeks gevaarlike praktyke en poetse wat deel vorm van die daaglikse lewe van elke skoolkind," het Bolhuis gesê. Nie almal wat aan die Skull Breaker-uitdaging deelneem, is bewus van wat op hulle wag nie en sommige deelnemers word onder valse voorwendsels deur ander aangemoedig om in dié video's te verskyn.
7. Kathleen DeJesus (13) van die VSA is 'n slagoffer van die Skull Breaker-uitdaging. "Ek kon nie opstaan nie en ek kon nie my hande voel nie. Ek kon nie my bene of voete voel nie, niks. Ek was lam," het sy aan ABC News gesê. Sy het gedink sy gaan haar lewe verloor as gevolg van hierdie speletjie en sy moes dit nooit gedoen het nie. DeJesus het twee dae in die hospitaal deurgebring nadat sy harsingskudding opgedoen het.

[Verwerk uit: maroelamedia.co.za]

Vrae:

- 1.1 Wat word die nuutste sosialemedia-tendens, volgens die artikel se titel, genoem? (1)
- 1.2 Wanneer is die artikel geplaas? (1)
- 1.3 Wie het die artikel geskryf? (1)
- 1.4 Waar is die artikel geplaas? (1)
- 1.5 Haal 'n frase aan uit par. 1 wat sê dat ouers bekommerd sal wees as hulle weet wat hul kinders doen. (1)
- 1.6 Verduidelik in jou eie woorde wat TikTok is. (1)
- 1.7 WAAR of ONWAAR. Motiveer jou antwoord deur EEN woord aan te haal. (2)
Die uitdaging is 'n plaaslike tendens.
- 1.8 Noem TWEE redes wat bewys dat die uitdaging lewensgevaarlik is. (2)
- 1.9 WAAR of ONWAAR. Motiveer jou antwoord deur aan te haal uit par. 2. (2)

- Hierdie uitdaging is die enigste van sy soort.
- 1.10 Gee EEN woord uit par.3 as verduideliking vir wie Kylie Jenner is? (1)
 - 1.11 Verduidelik in jou eie woorde hoe 'n uitveër skade aan jou vel kan doen. (2)
 - 1.12 Skryf die persentasie ouers neer wat nie hulle kinders vertrou om self te oordeel wat hulle op die internet mag kyk nie. (1)
 - 1.13 Kies net die regte antwoord. Skryf jou nommer en antwoord neer. (1)
Om waaksaam te wees beteken:
 - a) Om nie om te gee nie
 - b) Om versigtig te wees
 - c) Om te kyk wat gebeur
 - 1.14 Hoekom dink jy gee Mike Bolhuis raad aan ouers? (1)
 - 1.15 Weet alle kinders wat op hulle wag, as hulle deelneem aan die uitdagings? Motiveer jou antwoord uit par. 6. (2)
 - 1.16 Noem die ernstige besering wat Kathleen DeJesus opgedoen het. (1)
 - 1.17 Dink jy dit is belangrik om te weet wat die uitdaging behels? Motiveer jou antwoord. (2)

[23]

VRAAG 2: Strokiesprent

Bestudeer die volgende strokiesprent en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



[Uit: Die Burger, 2 Junie 2020]

- 2.1 Hoe weet ons die seun was by die skool voordat hy by die deur ingestap het? Noem TWEE redes. (2)
- 2.2.1 Hoekom dra die seun 'n masker? (1)
- 2.2.2 Watter pandemie het die wêreld se bevolking gedwing om te begin maskers dra? (1)
- 2.3 Hoekom vra die pa die seun of hy vir hom sigarette by die skool kon kry? (1)
- 2.4 Hoe weet ons dat die man nie wil hê sy vrou moet weet hy rook nog nie. (1)
- 2.5 Die diertjie in die regter hoek sê: “Sy pa sê hy moet **te veel hoes** vir sigarette op die swartmark.” Wat beteken dit as jy “te veel hoes” vir iets? (1)

[7]
TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

OPSOMMING

INSTRUKSIES:

- Lees die onderstaande teks. Som dan **die 5 lesse** uit **LESSE UIT BUITENGEWONE ISOLASIE** sover moontlik in jou eie woorde op.
- Noem elke keer **wie** die buitengewone isolasie **oorleef het** en **watter les** hulle geleer het.
- Skryf die opsomming **puntsgewys in vyf volsinne** en **70 woorde** neer.
- Nommer die wenke van 1 tot 5.

ONTHOU:

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 80 woorde) is.
- Elke hoofpunt moet slegs EEN sin bevat met **wie** die persoon is en **wat die les wat hulle geleer het** is.
- Beplan jou opsomming en trek 'n streep deur jou beplanning.



[Foto: www.macombdaily.com]

LESSE UIT BUITENGEWONE ISOLASIE.

Oor jare is baie mense deur verskillende omstandighede van die samelewing geïsoleer. Hier is paar voorbeelde en die lesse wat hulle geleer het.

1. Die Amerikaanse ruimtevaarder, Kjell Lindgren, was vir 141 dae saam met mede-bemanningslede aan boord van die Internasionale Ruimtestasie. Hulle het pret saam gehad, op die positiewe gefokus en mekaar se foute vergewe.
2. Mario Sepúlveda was een van die 33 mans wat in 2010 vir 69 dae in 'n ineengestorte myn in die noorde van Chili vasgekeer was. Hy sê dat hulle ten spyte van hulle afgryslike omstandighede maniere gevind het om pret te hê deur speletjies te speel. Hy sê dat dit belangrik is om jou humorsin te behou en te lag.
3. In 1972 het 'n vliegtuig in die Andesberge neergestort. Robert Canessa was een van net 16 mense wat 72 dae in die ysige berge oorleef het. Hy het besef die beste manier om die enormiteit van jou situasie te verwerk, is om besig te bly. "Ek het heeldag gewerk sodat ek nie hoef te dink nie," sê die man wat vandag 'n kardioloog is.
4. Die kosmoloog Marion Derickx bring elke jaar 3 maande in die Suidpool op die Amundsen-Scott-stasie deur om instandhoudingswerk op teleskope te doen. Sy vind dit moeilik om met iemand van wie sy nie hou nie oor die weg te kom. Haar raad is om mense met vriendelikheid te konfronteer.
5. Ryan Ramsey, kaptein van die kernaangedrewe duikboot HMS Turbulent sê om in 'n staalbuis saam met 130 mense vasgekeer te wees kan die humeure laat oopvlam. Stop konflik vroeg. Gesels met mekaar en vind uit wat se probleme daar is.


[Verwerk uit Huisgenoot.com 30 April 2020]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C

GEDIGTE

VRAAG 3: GESIENE GEDIG



[Foto:https://taylorswift.fandom.com/wiki/The_Best_Day]

Lees die gedig deur en beantwoord dan die vrae.

Taylor Swift – Kobus Grobler

vir Liebet

- 1 jy herhaal
- 2 haar woorde van melancholie
- 3 vir die hoeveelste keer
- 4 weer
- 5 en nou ná heeldag lank
- 6 se periodes skoolwerk
- 7 en pouses
- 8 alleen
- 9 se draal in die liedjie
- 10 val jy met skooluniform taai van skool
- 11 skoene uitgeskop
- 12 op die bed neer
- 13 sing jy die woorde
- 14 van haar nuutste CD
- 15 gelaai in MP3
- 16 snik

- 17 huil
18 grens
19 jy
- 20 want vir die eerste keer net
21 in die spieël
22 met jou pa se oë vol trane
23 verstaan jy
24 weet jy
25 hoekom bome hulle blare verloor

- 3.1 Na **wie** verwys die woorde “jy” reël 1 **en** “haar” reël 2? (2)
3.2 **Waarna spesifiek** verwys “woorde van melancholie” reël 2? (1)
3.3 Hoe word die meisie se alleenheid deur die **tipografie** van die gedig beklemtoon? (1)
3.4 Haal **drie afsonderlike woorde** aan om die progressie van die meisie se hartseer aan te dui. (1)
3.5 Skryf **een woord** neer wat die wending in die gedig aandui. (1)
3.6 Wat **bedoel** die spreker in reël 22 “met jou pa se oë ...”? (1)
3.7 Watter **seisoen** word in die gedig geïmpliseer? (1)
3.8 Verduidelik wat die **tema/boodskap** van hierdie gedig is. (2)

[10]

VRAAG 4: GESIENE GEDIG



[Foto: Google Images]

Lees die gedig deur en beantwoord dan die vrae.

Touloper – Fanie Viljoen

1. die storms woed weer in ons huis vandag
2. maar vol durf klim ek op die tou
3. voetjie vir voetjie skuifel ek vorentoe
4. verby die verwynt-winde van
5. *het jy al weer*
6. *ek het mos gesê*
7. *wat het jy gedoen*
8. gekwelde oë kyk vir my van doer onder
9. ver verwyder van my kollig-balanseertruuk
10. my tou web tussen
11. mure en deurhandvatsels
12. familiefoto's en almanakke
13. blitsende tv-beelde en internetkonneksies
14. tot by die tuinhek
15. ek is hoog bo die grond
16. weg van alles behalwe die wind
17. maar ek dink nie daaraan nie
18. ek hou my oog op die tou
19. ek balanseer my lewe
20. en voet vir voet skuif ek vorentoe
21. deur die storm

- 4.1 Daar is baie simboliek in die gedig. Waarvan is die **tou simbolies**? (1)
- 4.2 Haal **een woord** aan wat bewys dat die ouers baie baklei. (1)
- 4.3 Verduidelik hoekom r. 5-7 **kursief gedruk** is. (1)
- 4.4 Die **persoon** op die tou word **ouer**. Hoe word dit in die gedig duidelik? (1)
- 4.5 Daar is **geen vaste rymskema** in die gedig nie. Wat noem ons so 'n gedig? (1)
- 4.6 Haal **een woord** aan om te wys dat die kind vasgevang in sy situasie voel. (1)
- 4.7 Waarvan is die **tuinhek simbolies**? (1)
- 4.8 Waar vind die **wending** plaas in die gedig? (1)
- 4.9 Gee 'n voorbeeld van **alliterasie** uit die gedig. (1)
- 4.10 Gee **twee opeenvolgende** woorde uit die gedig wat bewys dat die persoon sy lewensreis met selfvertroue aanpak. (1)

[10]

VRAAG 5: ONGESIENE GEDIG



[Foto: www.yourlocalguardian.co.uk]

Lees die gedig deur en beantwoord dan die vrae.

Die wonder van 'n boom – Michael Khoosal

- 1 Sit of lê plat
- 2 onder 'n boom.
- 3 Maak jou oë en mond toe.
- 4 Luister na die takke
- 5 as die mossies hulle neste bou.
- 6 Maak jou oë oop en beskryf
- 7 die geluid
- 8 in jou joernaal
- 9 soos 'n gedig sonder rym.
- 10 Maak woorde van die blare.

- 5.1 Die spreker gee verskillende instruksies aan die persoon.
 - 5.1.1 Wat is die **eerste** instruksie? (1)
 - 5.1.2 Wat is die **laaste** instruksie? (1)
- 5.2 Waarom, dink jy, moet die persoon **onder** die boom wees as hy die gedig skryf? (1)
- 5.3 Waarom, dink jy dit is 'n goeie idee vir die persoon om sy / haar oë en mond toe te hou terwyl hy/ sy **daar** sit en skryf? (1)
- 5.4 Een van die instruksies is spesifiek oor die **tipe gedig** wat geskryf moet word.
 - 5.4.1 Watter **soort gedig** wil die spreker hê moet die leser skryf? (1)
 - 5.4.2 Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling van **drie agtereenvolgende**

woorde. (1)

- 5.5 **Waarom**, dink jy, moet die persoon die gedig in sy joernaal skryf en nie as 'n blog op sosiale media nie? (1)
- 5.6 Watter **lewensles/ boodskap**, wil die digter spesifiek met hierdie gedig oordra? (1)
- 5.7 Gee **een ooreenkoms** tussen hierdie gedig en die gedig in vraag 3. (1)
- 5.8 Gee **een verskil** tussen hierdie gedig en die gedig in vraag 4. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

TAALKUNDE EN KOMMUNIKASIE

VRAAG 6: SINSTRUKTURE

Bestudeer die spotprent op bl. 12 en herskryf dan die sinne soos gevra word.

6.1 Die pasiënt besoek die dokter. Sy het Covid 19 simptome begin toon.

Nadat ... (1)

6.2 Sy moet die toetse laat doen.

Sy behoort ... (1)

6.3 Die dokter vra of sy al ooit so gevoel het.

Sy antwoord: "Nee, ... (1)

6.4 Die dokter sê sy het nie Covid nie. Sy het geen siekte nie.

Jy het nóg ... (1)

6.5 Die dokter gee sy professionele opinie.

Sy professionele opinie ... (1)



[Die Burger, 7 April 2020]

6.6 Die pasiënt is doodmoeg daarom wil sy in kwarantyn geplaas word.

In die verlede ... (1)

In die toekoms ... (1)

6.7 Die vrou is baie desperaat. Sy maak drastiese planne.

Die vrou wat ... (1)

6.8 Die dokter sal die situasie monitor.

Die situasie ... (1)

6.9 Die pasiënt se kinders boelie haar. Sy is so lewensmoeg.

Die pasiënt se kinders boelie haar daarom ... (1)

6.10 Die dokter lyk ingenome. Sy pasiënt is blakend gesond.

Die dokter lyk ingenome omdat ... (1)

6.11 Die dokter praat met die vrou. Sy lyk moedeloos.

Die vrou met wie ...

(1)

[12]

VRAAG 7: WOORDSTRUKTURE

Kyk na die spotprent hier onder en beantwoord dan die vrae. Skryf die nommers en antwoorde onder mekaar neer.



[Die Bruger: 19 Mei 2020]

In die spotprent staan twee **7.1(ma: meervoud)** met mekaar en gesels. Hulle is **7.2(baie bekommerd: intensiewe vorm)** oor of die skole **7.3(gereed: sinoniem)** is om te heropen. Hulle albei dra **7.4(masks: gee die Afrikaans)**.

Die **7.5(speel: teenwoordige deelwoord)** kinders is glad nie **7.6(gesteur/gepla/gekla: kies die regte woord)** nie. Hoe **7.7(baie: vergrotende trap)** die ouers stres hoe **7.8(min: vergotende trap)** kan dit hulle skeel.

Die tiener 7.9(jong vrou: sinoniem) lê 7.10(aan/op/na: kies die regte woord) die bank en is besig op 7.11(sosiaal: regte vorm van die woord) media op haar selfoon. Haar 7.12(baie klein: intensiewe vorm) 7.13(suster: verkleining) lê met twee groot 7.14(oë: verkleining) na die 7.15(TV: skryf die woord uit) en kyk.


Die boetie het 7.16(oorfoon: meervoud) op en sy oë is 7.17(baie oop: intensiewe vorm). Hy luister na die musiek wat deur 'n 7.18(sanger: teenoorgestelde geslag) gesing word.

'n Tipiese Covid 19 toneel van 2020 in 7.19(SA: skryf die afkorting uit) 7.20(huis+hou+meervoud: gee die samestelling).

[20x½=10]

VRAAG 8: KOMMUNIKASIE

- Voer die instruksies uit deur elke keer die direkte woorde van die persoon wat praat neer te skryf.
- Elke respons moet tussen 15 – 20 woorde wees. Die respons kan uit een of twee sinne bestaan.
- Skryf die woordtelling aan die einde van elke respons neer.



8.1 Onderwyser A **groet** die seun terwyl hy sy temperatuur neem. Hy is **baie** **bly** om hom te sien. Skryf neer wat hy vir die seun sê.

(2)

8.2 Leerling B is baie **snaaks** en maak altyd grappies. Hy steek albei sy hande in die lug op toe die onderwyser sy temperatuur neem. Skryf neer wat die **seun sê** terwyl hy dit doen.

(2)

8.3 Leerling C is **geïrriteerd** en wil nie by die skool wees nie. Skryf neer wat hy dink en gee 'n **rede** hoekom hy nie daar wil wees nie.

(2)

8.4 Leerling D is **baie senuweeagtig** toe hy by die tafel kom. Hy vra wat hy **volgende moet doen**. Skryf neer wat hy vir die onderwyser vra en hoekom hy so voel.

(2)

[8]

TOTAAL AFDELING D: 30

TOTAAL VAN DIE VRAESTEL: 100